# WÊRELDGEBEURE.

## DIE BUITELAND.

Die wêreldsituasie word tans beheers deur die onverwagte wending in Korea. MacArthur het weer getoon dat hy 'n uitnemende strateeg is, hoewel 'n mens moet erken dat die kanse van die Noord-Koreane sonder 'n lug- en seemag uiters skraal was en is. Dit was vir die V.V.O. 'n moeilike vraagstuk om te beslis of die oorwinnende leërs die 38e breedtegraad moet oorsteek, maar blykbaar is daar geen ander weg nie, tensy die Noord-Koreaanse leërs oorgee. Daar sal sekerlik geen rus kom as die Noord-Koreaanse leër nog sy wapens besit nie. Ons is oortuig dat daar ook geen rus sal kom as Korea verdeeld bly nie. Die enigste oplossing is 'n verenigde, vrye land wat sy eie regering daarstel, met hulp van die vrye volke, solank as dit nodig is.

Die magte van die vryheid sal weer kan asemskep maar dit sal nie van lange duur wees nie. Adv. Erasmus, wat na terugkeer van sy besoek aan die V.S.A. en Europa, wel weet waarvan hy praat, deel mee dat volgens die algemene gevoele ons 'n reeks koue oorloë moet verwag. Die Komintern sal hom veral daarop toelê om die bewapening in die Westerse lande te vertraag. Die woorde wat Acheson, Amerikaanse minister van buitelandse sake onlangs gebesig het, spreek boekdele: „Daar is nog so ontsaglik baie wat gedoen moet word en daar is so min tyd om dit te doen."

Moontlik sal die eerste moeilikheid nou van die kant van die Chinese Kommuniste kom. Hulle het reeds twee keer die Amerikaners gewaarsku om Noord-Korea met rus te laat. Formosa is 'n ander kruitvat en in Tibet is daar roeringe. Ook in die Weste is daar spanninge, soos bv. tussen Bulgarye en Turkye, Oostenryk en die Sowjet.

Ondertussen is die V.V.O. nog steeds besig om planne vir wêreldvrede te beraam. Die V.S.A. wil veral voorkom dat die vetoreg van Rusland in die Veiligheidsraad die vrede in gevaar kan bring en stel daarom voor dat spoedvergaderinge van die Algemene Vergadering opgeroep mag word. Verder gaan die besprekinge oor die daarstelling van 'n internasionale leër. Sonder twyfel sal hierdie twee middels vir Rusland sake bemoeilik. Korea veral het aan die Russiese beer getoon dat die vryheidsliewende lande in die toekoms agressie nie gaan duld nie. 'n Agressor sal tweemaal moet dink voordat hy die grense van 'n ander land skend. Skynbaar is die Russe ook baie besorg oor die wêreldvrede maar ondertussen is hulle besig met hulle ou taktiek van kat-en-muisspeel. Dit is te hope dat die Westerse nasies hulle hierdeur nie laat mislei nie.

Die wanvoorstellinge in verband met Suid-Afrika gaan in die buiteland onverpoosd voort, alhoewel daar tekens is dat die oë van sommige lande begin oopgaan. Dr. Dönges en mnr. G. P. Jooste sal op die V.V.O. 'n moeilike taak hê, maar ons is oortuig dat hulle van hulself goed rekenskap sal gee. Die minister van verdediging is besig om goeie konneksies in die buiteland aan te knoop.

**SUID-AFRIKA.**

Sedert die verskyning van ons vorige uitgawe het belangrike gebeurtenisse in ons vaderland plaasgevind.

Die verkiesingsuitslae in Suidwes en Klerksdorp het getoon dat die regering stewig in die saal sit. Trouens, die uitslae in Suidwes het sy posisie versterk, in die Parlement sowel as in die Senaat. Hiertoe werk ook mee die feit dat die ekonomiese situasie grootliks verbeter het en die vertroue in S.A. herstel is, nadat dit deur 'n lasterkampanje in die buiteland geskok was.

Die afsterwe van veldmaarskalk Smuts beteken die afsluiting van 'n periode in die geskiedenis van ons land. Elders word 'n artikel aan sy nagedagtenis gewy, veral wat sy wêreldbetekenis betref. Ons wil hier slegs beklemtoon dat die wyse waarop sy begrafnis plaasgevind het 'n siddering deur die geledere van die Boerevolk laat gaan het, en dan veral by hulle wat nog vashou aan die heilige Skrif. 'n Mens het in stilte nog gehoop dat die afgestorwene die geloof en tradisies van die volk waaruit hy gebore is sou respekteer—maar die vervreemding moes selfs blyk uit die wyse waarop met sy liggaam gehandel is. Nietemin, genl. Smuts was 'n wêreldfiguur en het ook sy plek in die Raad van God gehad. Dikwels word gesê: „As hy nou maar sy talente in diens van sy volk gebruik het . . . .!" Laat ons die saak egter anders sien: was hy nie instrument in die Hand van God om die Boerevolk tot aksie te prikkel nie?

Die heengaan van hulle twee groot leiers, Hofmeyr en Smuts, laat die V.P. in 'n benarde posisie. Op die koop toe kom dr. Malan nou nog met sy Durbanse rede aan die adres van die Engelse. Dit het veral die Engelse koerante in 'n moeilike posisie geplaas. Eers het hulle vurig gepleit vir een of ander koalisie in die hoop dat hulle daarmee die regering kan breek. Na die toespraak van die eerste minister waarsku hulle ernstig teen enige vorm van samewerking, want die moontlikheid bestaan nou dat die oë van Engelse kan oopgaan en dat baie van hulle die regering mag steun!

Skrywer hiervan kan in breë trekke met die rede van dr. Malan saamstem. Dit gee trouens die tradisionele beleid van nasionaalgesindes weer. Veral moet gewaardeer word dat dr. Malan 'n kunsmatige samesmelting

afwys. Tereg het hy verklaar dat die bestaan van politieke partye, wat beginselrigtinge verteenwoordig, nie noodwendig 'n breë nasionale uitkyk hoef te belemmer nie. Engeland self is hiervan 'n voorbeeld.

Ons moet egter waarsku dat ons ideale nie verwater mag word terwille van toegewinge aan die Engelse nie. Ons Engelse medeburgers moet bv. weet dat ons onverbiddelik vashou aan die republikeinse ideaal en dat ons as die ideaal bereik is in vrede en vriendskap wil lewe met die volkere, ook met Engeland, maar dat ons volkome vry wil wees om ons vriende te kies en nie vir altyd lid van 'n Britse Gemenebes wil bly nie.

Verder moet duidelik gestel word dat ons altyd 'n demokratiese regeringstelsel sal nastrewe en dit ook vir die toekomstige republiek begeer, maar dat ons 'n eie Suid-Afrikaanse staatstelsel beoog wat rekening hou met ons geskiedenis. Ons wil wegdoen met alles wat „vals en volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend" (1941).

Hoewel ons weet dat die regerende party sy hande vol het met 'n legio van vraagstukke, wil ons tog aandring dat **beslis verklaar word watter soort republiek ons as ideaal stel.** Anders kry die Opposisie die gedagte dat die party wat tans die grootste deel van die Afrikaanssprekendes verteenwoordig vir altyd tevrede is met die stelsel wat ons van Brittanje geërf het.

Die benoeming van dr. Jansen tot goewerneur-generaal dra seker algemene goedkeuring weg. Dit is die eerste keer dat 'n Nasionalis hierdie amp beklee, 'n amp wat ons pynlik herinner aan ons onderhorigheid aan 'n koning en nog wel 'n vreemde. Gelukkig is 'n goewerneur in ons land hoofsaaklik 'n figurant (soos die koning). Mag dr. Jansen egter vir ons meer wees, naamlik 'n **simbool**—van ons eie president, wat meer as 'n simbool sal wees.

Op die weg na vereniging van H.N.P. en A.P. is helaas nog nie veel vordering gemaak nie. Trouens, die besluite van die jongste hoofbestuursvergadering van die A.P. dui daarop dat hierdie party sy organisasie gaan verstewig. Die enigste rede vir die aparte bestaan van 'n party is sy verkondiging van 'n eie beginselrigting. As die A.P. meen dat dit 'n roeping het moet dit bly voortbestaan en dan kan 'n mens alleen maar bly hoop dat die koalisie sal voortduur, hoewel sommige blaaie op alle moontlike maniere probeer suggereer dat dit binnekort beëindig sal word. Ons hoop dat daar aan albei kante grootmoedigheid sal wees. As ons die hand kan uitsteek na die kant van die Engelse, dan tog seker ook na die wat nader aan ons staan.

Die ooreenkoms tussen dr. Malan en min. Havenga insake die kleurlingstemreg gee nuwe hoop vir die toekoms en toon wat met 'n goeie gesindheid bereik kan word. Ook die kleurlinge kan tevrede wees. Die

enigste groep wat rede vir ontevredenheid het is die V.P. wat waarskynlik 'n paar setels sal verloor.

Die ekonomiese volkskongres was 'n belangrike mylpaal op die pad van die Afrikaanse volk. Dit is 'n goeie teken dat ook enkele goedgesinde Engelse daaraan deelgeneem het. Tot dusver was die Afrikaner grotendeels werknemer by die Engelse onderneminge. So langsamerhand begin hy egter 'n volwaardige deelnemer aan die ekonomiese lewe in S.A. word. Ter geleëner tyd sal in hierdie blad deur 'n vakkundige 'n oorsig gegee word van die betekenis van die kongres.

'n Gebeurtenis van groot gewig is ongetwyfeld die totstandkoming van Sasol, die maatskappy vir die vervaardiging van petrol uit steenkool. Dit is, soos Iscor, 'n monument van 'n nasionale regering. Al sou die teenswoordige regering net dit tot stand bring dan het hy reeds sy bestaan geregverdig. En daar is nog mense wat beweer dat ons die regering maar aan die teëparty moet oorlaat, terwyl ons propaganda maak vir ons ideale!! Wat ons dan op watter manier moet bereik?

Potchefstroom, 17 Oktober, 1950. S. DU TOIT.